# Vrae rondom outobiografieë en memoires
## Die filosofiese en praktiese uitdagings van histories-literêre werke

***B.J. van der Walt***
***Skool vir Filosofie***
***Potchefstroomkampus***
***Noordwes-Universiteit***
***POTCHEFSTROOM***

***hannah@intekom.co.za***

**Abstract**

**Questions concerning autobiographies and memoirs. The philosophical and practical challenges of historical literature.**

*This article investigates the problems attached to biographical literature, especially autobiographies, and memoirs. It develops through the following steps: The introductory section asks attention for the growing contemporary popularity of biographies, autobiographies and memoirs (written by people from all ages representing all kinds of professions) as well as the attention these genres today receive in various scholarly disciplines. Secondly, autobiographies are compared with similar writings, like biographies and memoirs. The next (third) question answered is why autobiographies are written – or not written – as well as the role religion, culture and other factors may play in such decisions. (It becomes evident that autobiographies have to wrestle with deep and difficult questions about human nature.) Fourthly, different types of autobiographies are analysed, while special attention is given to the intellectual autobiography. The next (fifth) section warns against some general pitfalls to be avoided when writing one's life-history. (Since it deals with the mystery of the human being, the most difficult of them all seems to be the kind of truth an autobiography puts forward.) The following (sixth) section provides a few general literary requirements for a good autobiography, while the next (seventh) analyses it as a historical document. (Three types of history are distinguished, while attention is focussed on problems relating to meaning in a life history.) The eighth section selects from different metaphors that of a way as an appropriate image for the autobiographer to picture his/her life.*

## 1. Die probleme en die perspektief van waaruit dit bekyk sal word

Biografieë en outobiografieë is vandag van die mees gewilde leesstof (vgl. afd. 2 hieronder). Lesers geniet dit gewoon of resensente stel graag allerlei kritiese vrae oor so ŉ geskrif. Meestal het nie een van hierdie twee groepe mense egter nog voor die begeerte gestaan om self sy/haar eie outobiografie of memoires te skryf nie of om dit op versoek van iemand anders te moet doen nie. Eers dan besef ŉ mens voor hoeveel probleme jy gestel word.

Tereg merk Pascal (1960:viii) reeds vroeër al op dat, hoewel daar steeds meer (outo)biografieë die lig sien, daar nog heel weinig geskryf is oor hoe die outobiograaf sy onderneming – met al die probleme wat dit meebring – aanpak. Intussen het daar wel handleidings verskyn (vgl. bv. Thomas, 1984; Barrington, 2002 en die Suid-Afrikaners Herbst & De la Porte, 2006) wat so ŉ taak soms effens te maklik voorstel, sonder om voldoende die vangstrikke daaraan verbonde te erken en bespreek.

### *1.1 Enkele probleme*

Vrae soos die volgende kan gestel word: *Wat* presies is ŉ outobiografie? *Waarom* skryf ŉ mens so iets (die doel daarmee)? *Wanneer* gedurende sy/haar lewe (bv. net op gevorderde leeftyd) behoort dit gedoen te word? *Vir wie* skryf ŉ mens jou outobiografie? (Net vir jouself of ook vir ander?) *Hoe behoort* dit geskryf te word (die basiese vereistes)? Mag ŉ Christen sy eie lewe beskryf? (Kom dit nie op selfverheerliking neer nie?) En nadat al hierdie vrae beantwoord is, is die veel diepere, moeiliker vrae nog nie eers aangeraak nie (vgl. verder punt 6 hieronder).

### *1.2 Die perspektief*

Hoewel die outeur ook van meer "neutrale" bronne gebruik sal maak om die probleme en moontlike oplossings daarvoor na te gaan, word nogtans gepoog om dit oorwegend vanuit ŉ Christelik-filosofiese perspektief te doen. Dit gaan in hierdie bydrae dus nie primêr net om ŉ *letterkundige* beskouing van biografiese geskrifte – iets buite sy vakgebied – nie.

Ter inleiding egter eers iets oor die huidige gewildheid van biografieë, outobiografieë en memoires.

## 2. Inleiding: hedendaagse populariteit

ŉ Enkele besoek aan ŉ *plaaslike* boekuitstalling – natuurlik nie verteenwoordigend van die *nasionale* en nog minder die *internasionale* mark nie – lewer byvoorbeeld die volgende op (die ingeligte leser sou dit met nog heelwat meer ouere en resente titels kon aanvul): vier biografieë (vgl. Cronje, 2007; Gordon,

2008; Green, 2009 en Karsten, 2009) en ses outobiografieë (vgl. Boesak, 2009; Bol, 2009; Hofmeyer, 2009; Pistorius, 2009; Smith, 2009 en White, 2007). Let daarop dat hierdie titels bloot genoem word om die gewildheid van hierdie tipe lektuur te illustreer. Die bedoeling is nie ŉ empiriese studie van wat hulle alles oplewer en waaraan die stellings of wenke in hierdie artikel getoets word nie.

### *2.1 Deur enigiemand, enige tyd van die lewe geskryf*

Uit hierdie lysie is dit opmerklik dat nie meer net belangrike politieke figure se lewensverhale deesdae vertel word nie: Dit sluit ook die lewensverhale in van sport-, film- en sangsterre. Dit gaan ook nie net oor mense wat al in jare gevorder het nie, maar ook (vgl. die aangrypende verhaal van Bol, 2009) oor bloedjong mense. Enigeen kan blykbaar vandag sy eie storie vertel. En boeke (soos die genoemdes van Herbst & De la Porte, 2006; Barrington, 2002 en Thomas, 1984) moedig dit ook aan: Niemand hoef noodwendig beroemd of bekend te wees om sy/haar outobiografie te skryf nie, of bang te wees dat niemand dit sal lees nie.

Reeds in die sestigerjare van die vorige eeu skryf die reeds genoemde Pascal (1960:59): "Autobiography has become a significant and ubiquitous element of modern culture. All manner of people feel impelled to write their life story, and there is a most grateful market for these works."

### *2.2 Invloed van die postmodernisme*

Die situasie het intussen nog net gunstiger vir (outo)biografieë geword: die postmodernistiese geestesklimaat bevorder dit. ŉ Rede daarvoor is dat "autobiographical writing ... reflects some of the main preoccupations of postmodernism" (Gudmundsdóttir, 2003:1), soos onder andere geslag, etnisiteit, verhoudings, die verlede ens. Die postmodernisme stel ook nie meer so ŉ hoë premie net op hoog-wetenskaplike, "objektiewe" historiese geskrifte nie (vgl. Klep, Hoetink & Emons, 2005).

### *2.3 Ondersoek en gebruik in verskillende vakgebiede*

Dit is daarom te verstane dat outobiografieë deesdae ook aan allerlei letterkundige ondersoeke onderwerp word. So byvoorbeeld die narratiewe element (vgl. Brockmeier & Carbaugh, 2001), of die fiktiewe faset daarvan (vgl. Gudmundsdóttir, 2003). Verder word outobiografieë nie net van letterkundige en historiese belang beskou nie, maar ook vir ander terreine van die lewe soos byvoorbeeld in die onderwys (vgl. bv. die ouere werk van Abbs, 1974, maar ook die meer resente van Mitchell, Weber & O'Reilly-Scanlon, 2005) en in terapie (vgl. Hunt, 2000). Twee Suid-Afrikaners (Herbst & De la Porte, 2006) gebruik die narratiewe metode (die terapie van die eie storie vertel) om daarmee nuwe betekenis te kan

gee aan mense se lewensverlies aan sorg (bv. MIV/Vigs wese), of wat trauma as gevolg van siekte of ander lyding, egskeiding en dood ervaar.

### *2.4 Politiek-sosiale omstandighede*

Ten slotte vestig Schoeman (1998:11) nog die aandag daarop dat (outo)biografieë as gevolg van die spesifieke, nuwe Suid-Afrikaanse omstandighede populêr geword het: "Onder blanke Suid-Afrikaners skyn daar in die algemeen toenemende belangstelling in die verlede te wees namate die hede al hoe grimmiger raak en die toekoms onseker ... die strewe na insig, begrip en uiteindelik ook selfkennis is nie slegs nuttig nie, maar noodsaaklik". Veral familiegeskiedenisse word belangrik, aangesien gesinne vandag dikwels oor die hele wêreld verspreid woon. (Indien jy nie jou familie ken nie, word gesê, is jy soos 'n blaar wat nie weet dat dit 'n deel van 'n boom is nie.)

Hiermee is egter voldoende voorbeelde van en redes gegee vir die huidige gewildheid van biografieë en outobiografieë van uiteenlopende aard en kwaliteit. Belangriker is om eers te probeer vasstel wat 'n outobiografie eintlik is (of behoort te wees) en daarna op die uitdagings aan die skryf daarvan verbonde in te gaan.

### *2.5 Praktiese gerigtheid*

'n Laaste inleidende opmerking is egter gewens. Hoewel die artikel vanuit 'n meer filosofiese hoek geskryf word (vgl. subafd. 1.2 hierbo), is dit uiteindelik deur 'n praktiese doelstelling gemotiveer, naamlik wat in gedagte gehou behoort te word indien 'n mens jou aan hierdie soort literatuur sou waag of die pogings van ander wil beoordeel.

## 3. Outobiografieë vergelyk met soortgelyke werke

Volgens Bisschoff (1992:361) vorm die outobiografie 'n sub-genre van die biografiese lektuur. Sy noem dit bekentenis- of belydenislektuur, waarin die skrywer openlik voor sy lesers getuienis van homself aflê. Ander vorme van hierdie subtipe is die dagboek, memoires, brief en joernaal. Hoewel haar tipering as "bekentenis- of belydenislektuur" volgens andere dalk as te eng beskou kan word, is dit tog waardevol om na te gaan hoe sy die volgende drie subtipes onderskei. Daaruit sal ook blyk dat dit moeilik is om waterdigte onderskeidings tussen hulle te maak.

- Die biografie (van die Grieks: *bios* = lewe + *graphein* = om te skryf) behoort sowel tot die geskiedskrywing as die literatuur. Daarin word (deur iemand anders) die lewe van 'n belangrike historiese persoon noukeurig (met gebruikmaking van die nodige dokumente) beskryf teen die agtergrond van

sy/haar tyd en omstandighede, asook sy/haar eie innerlike ontwikkeling en uiterlike optrede (vgl. Bisschoff, 1992:42). Biografieë het in verskillende tye egter verskillende kenmerke en oogmerke.

- In ŉ outobiografie (van Grieks: *autos* = self + *bios* = lewe + *graphein* = skryf) is die skrywer en die persoon waaroor dit gaan dieselfde. Volgens ander skrywers (vgl. Pascal, 1960:5 e.v. en Barrington, 2002:22 e.v.) is die verskil tussen ŉ outobiografie en ŉ biografie dat laasgenoemde ŉ meer wetenskaplike rekonstruksie is, terwyl eersgenoemde meer op persoonlike herinneringe en interpretasies gegrond is.
- Memoires (Frans vir lewensherinneringe) is verhale, verslae of berigte oor die lewe van òf die memoires-skrywer self òf ŉ ander persoon waarby hy/sy betrokke was. Memoires verskil dus van ŉ outobiografie in dié opsig dat memoires te doen het met gebeure en persone wat nie net om die skrywer wentel nie, terwyl ŉ outobiografie groot klem op die persoonlike lewe van die skrywer self lê. Barrington (2002:22) noem ŉ outobiografie "a story *of* life" en memoires "a story *from* life".

Bisshoff (1992:286) tipeer memoires kortliks soos volg: "*Memoires* vertel dus van die bepaalde persoon se ervaringe, sy insigte, sy ontmoetings met ander mense en tipeer ook die tydsgees. Dit word op onderhoudende wyse gedoen en grens sowel aan ŉ historiese dokument as aan die literatuur. Die memoires-skrywer kan iemand onbekend wees, maar dit is dikwels ŉ bekende persoon."

Weereens moet gestel word dat die verskille nie altyd so duidelik is soos hier deur Bischoff beskryf nie. Outobiografieë lê gewoonlik nie uitsluitlik klem net op die persoonlike lewe van die skrywer nie, maar betrek ook ander mense. En meestal bevat memoires ook outobiografiese elemente – dit handel nie net oor die outeur se ontmoetings met ander nie. (Net so is dit soms selfs moeilik om waterdig te kan onderskei tussen ŉ roman (met fiktiewe karakters) en ŉ outobiografie (met die name van werklike mense), sodat ŉ bepaalde geskrif eerder as ŉ "biografiese roman" getipeer kan word.) Pascal waarsku dus tereg al vroeër (vgl. 1960:9) dat die grense tussen ŉ outobiografie en memoires vloeibaar is.

Voordat iets meer gesê word oor die verskillende tipes outobiografieë, verg ŉ ander belangrike voor-vraag eers die aandag: Waarom skryf mense hul eie lewensgeskiedenisse? Wat is die motiewe daaragter, die sin of doel daarvan?

## 4. Verskillende motiewe agter of oogmerke met die skryf van outobiografieë

Voordat op die motiewe gelet word wat daartoe lei dat outobiografieë wel geskryf word, eers enkele redes waarom ander mense dit juis nie skryf nie.

## 4.1 Waarom mense liewer nie ’n outobiografie skryf nie

Net soos wat baie mense om uiteenlopende redes sekere dinge nie doen nie, is daar ook die biljoene wat nooit hulle outobiografie of memoires op skrif stel nie, bloot omdat hulle nie dit die moeite werd ag nie, nie kan skryf nie of watter omstandighede dit ook al verhinder. Behalwe allerlei *praktiese* omstandighede kan mense egter ook om *prinsipiële* oorwegings nie hul eie lewensverhaal openbaar maak nie. Hier word alleen op een so ’n rede gelet.

### *4.1.1 Huiwering in die Calvinistiese tradisie*

In die Calvinistiese tradisie (waarin die outeur self ook grootgeword het) wil dit lyk asof daar nogal huiwering bestaan oor die aanvaarbaarheid van veral outobiografieë. Dié tendens het vermoedelik alreeds by Calvyn self sy oorsprong. Uit reaksie teen mensverheerliking word die klem op die *soli Deo gloria* (aan God alleen alle eer) gelê. Terwyl Luther se eie persoonlikheid en omstandighede dus baie duidelik amper uit elke bladsy van sy geskrifte na vore tree, was Calvyn geneig om so “privaat” te wees dat dit moeilik is om die persoon agter die pen te ontdek, of die emosionele hartklop agter sy intellektuele soeke om die misteries van wêreld en God te ontrafel.

### *4.1.2 Is dit korrek?*

Dalk moet hierdie standpunt – sal ’n mens dit “oorbeskeidenheid” mag noem? – tog in die lig van die Woord van God bevraagteken word.

Om eers by iemand se begrafnis ’n lofrede oor haar/hom te hou, is na die maal. Dalk moes die “blomme” – soos die spreekwoord ons ook herinner – eerder tydens haar/sy lewe oorhandig gewees het toe dit vir die persoon nog as bemoediging (nie as verheerliking nie) kon dien. Heel waarskynlik is dit ook nie Bybels korrek om alle eie geskiedenisse as onbybels te probeer vermy of as selfverheerliking af te maak nie. In Psalm 66 vers 16 sê die digter dat hy vir almal wil vertel wat die Here aan hom gedoen het. Ook in Psalm 71 vers 18 word gevra dat die Here die bejaarde digter dit moet gun om nog aan die geslagte wat kom te vertel van God se groot werk (vgl. ook vers 24).

Dit is waar dat in hierdie en ander Skrifgedeeltes die aksent nie op die persoon lê nie, maar bó homself uitwys na God. Hý moet geroem word. (Vgl. bv. Ps. 107:32, maar veral in Paulus se geskrifte, bv. 1 Kor. 1:29; 4:7; 2 Kor. 10:17; 12:5, 6, 9; Gal. 6:14; Ef. 2:9 en nog meer.) In hierdie opsig het Calvyn en sy navolgers wel reg gehad.

Dit beteken egter nie dat niks oor of deur ’n persoon oor hom-/haarself geskryf mag word nie. God se soewereiniteit mag nie so oorbeklemtoon word dat die mens

se verantwoordelikheid (as gevolg van onder meer sy sondigheid) heeltemal vergeet word nie. Mense se slegte (vgl. 1 Kor. 10:11) en veral goeie dade word dan ook in die Skrif uitgelig as waarskuwings of voorbeelde vir ander. Om die goeie in jou eie lewe te vertel kan vir ander as inspirasie in hierdie sondegevalle wêreld dien. Dieselfde Paulus hou homself as navolgingswaardige voorbeeld vir ander gelowiges voor (vgl. Filip. 3:17 en 1 Tim. 1:16).

Dit wil dus lyk asof die belangrike vraag – ook vir die nie-gereformeerde mense – nie is *of* 'n mens iets oor jouself mag sê nie, maar eerder *hoe* jy dit doen.

Behalwe godsdienstig-teologiese oorwegings, speel 'n bepaalde kultuur egter ook 'n belangrike rol by die ontstaan van outobiografieë.

### *4.2 Die invloed van kultuur*

Verskillende skrywers asook die omvattende reeks van Misch (1949-1969) laat blyk dat die skryf van outobiografieë en soortgelyke geskrifte iets tipies Westers is. Bowendien verskuif die motivering vir die skryf van sulke geskrifte ook gedurende die verloop van die Westerse kultuur. Dit is heelwaarskynlik waar, maar nie omdat dit vir ander kulture onbelangrik is om hulle voorgeskiedenis en -geslagte te onthou nie. Dit hang heelwaarskynlik saam met die mondelinge in plaas van skriftelike aard van 'n kultuur. In die tradisionele Afrikakultuur, waarin die geskiedenis mondeling oorgedra is, kom dit selfs vandag nog voor dat iemand die name van sy voorouers tot in die sewende geslag kan opnoem!

Pascal (1960:180) toon verder aan dat, toe die Christelike geloof nog 'n sterk invloed in die Weste gehad het, outobiografieë meestal die karakter gehad het van bekentenis- of belydenislektuur waarin skrywers – vergelyk byvoorbeeld Augustinus (2007) se beroemde *Confessiones* – aangetoon het hoe hulle geestelik in hul verhouding tot God gegroei het. Ná die sekularisasie vanaf die Renaissance val die klem egter al meer op die ek self: wat se soort mens ek is. Die vroeëre belydenisdokumente kry nou al meer die karakter van egodokumente.

Uit die talle moontlike oorwegings vir die opstel van 'n mens se eie lewenskets kan die volgende genoem word:

### *4.3 Ekonomiese en egoïstiese oorwegings*

Slegs enkele moontlike redes vir die skryf van jou eie "storie" word genoem om aan te toon hoe uiteenlopend hulle kan wees. In die verkommersialiseerde wêreld van vandag kan beroemde politici, wetenskaplikes en selebriteite op sport en vermaaklikheidsgebied heelwat geld daaruit verdien. Of dit kan gebeur om die eie beuel nog 'n bietjie harder te blaas, of verlore aansien te probeer herstel. Aucamp (1998:103) sê selfs dat 'n outobiografie 'n laaste tong uitsteek na die lewe kan

wees! Dit wil vir die outeur lyk of sowel die hagiografiese (outo)biografie (waarin iemand net as heilige of held beskryf word) as laasgenoemde siniese visie nie die ideaal kan wees nie.

Verder is dit so dat selfs ʼn outobiografie wat uit minder edele motiewe geskryf is (bv. bloot om finansiële gewin) tog insiggewend kan wees. Die motiewe van ʼn outobiograaf – wat bowendien moeilik deur die leser vasgestel kan word – bepaal dus nie noodwendig die geslaagdheid of kwaliteit daarvan nie.

### *4.4 Vir jouself geskryf*

Dalk skryf ʼn mens jou outobiografie primêr vir jouself, omdat jy ʼn stadium bereik het waartydens jy wil terugkyk en die balans van jou lewe sover wil opmaak. Om so iets te doen is volgens ʼn betroubare (Christelike) psigoloog (vgl. Van Belle, s.j.) nie net normaal vir veral bejaardes nie, maar ook nodig. Op dié wyse kan ʼn mens jouself beter leer verstaan – en ook vrede met jou eie self maak! (Wat natuurlik nie beteken dat dié selfkennis nie dikwels ook met ʼn bietjie selfbedrog gemeng sal wees nie!)

Mitchell, Weber & O'Reilly-Scanlon (2005:6) skryf in hierdie verband tereg dat ʼn outobiografie diep en moeilike vrae probeer aanspreek: "It is probably in all cases an attempt to answer the following conscious or half-conscious questions: Who am I? How have I become who I am? What may I become in the future?" (Vgl. ook Herbst & De la Porte, 2006:19, 21.) Hulle voeg daaraan toe (p. 7) dat ʼn outobiografie dus altyd met die verlede, hede en toekoms van ʼn lewe te make het: "Autobiography, as an act of writing, perches on the present, gazing backwards into the past, while poised ready for flight into the future."

In die beantwoording van die vrae oor jouself behoort dit volgens die meeste skrywers oor die onderwerp egter oor iets meer/groter as jouself te gaan. Jy vra na die dieper/hoër sin van jou lewe (vgl. Frankl, 1969 en afd. 8 hieronder). Van der Walt (2008:546-548) reduseer hierdie sinprobleem tot drie basiese vrae: Waarom is ek hier? Hoe moet ek lewe? Waarheen is ek op pad?

Pascal (1960:185) herinner aan die feit dat die meeste (Christelik-religieuse) outobiografieë daarvan uitgaan dat in die skrywer se lewe ʼn *innerlike roeping* volgens ʼn *goddelike plan* volvoer is. Ook Brockmeier & Carbaugh (2001:251) praat in hierdie verband van ʼn "retrospektiewe teleologie". ʼn Outobiografie kan immers nie van iemand se ontwikkeling praat as ʼn bepaalde doel (*telos*), waarheen die ontwikkeling plaasgevind het, nie veronderstel word nie.

Dit sou interessant wees om na te gaan hoe die hedendaagse postmodernistiese lewensgevoel (van wantroue en selfs sinloosheid) hierdie kant van vroeëre outobiografiese werke vandag gewysig het.

### *4.5 Vir ander geskryf*

Gewoonlik word ŉ outobiografie egter nie net vir ŉ mens self geskryf nie. (Dit geld eerder van dagboeke.) ŉ Mens skryf dit vir diegene na aan jou (kinders en kleinkinders). Of as jy ŉ openbare figuur is vir die publiek. Gewoonlik dan vir ŉ bepaalde groepering, soos byvoorbeeld mense geïnteresseerd in die politiek, musiek, ŉ bepaalde sport, die ekonomie en so meer. In die algemeen kan dan ook gesê word dat ŉ skrywer (i.c. outobiograaf) "klassiek" genoem kan word wanneer hy ook deur die lesers anderkant sy eie tyd as ŉ "tydgenoot" ervaar word (vgl. Aucamp, 1998:47).

Baie familiegenealogieë bied byvoorbeeld van ŉ mens se voorgeslagte net die datums van geboorte en oorlye en dalk ook die plekke waar dit gebeur het. Is ŉ mens se lewe nie veel meer as slegs twee datums nie? Wanneer ŉ mens ŉ outobiografie skryf, voorkom jy hierdie armoedige prentjie van jouself by jou nasate – jy sit (byna letterlik) vlees aan jou beendere!

In die geval van ŉ belangrike denker en wetenskaplike kan so ŉ persoon se outobiografie ook baie waardevol wees vir studente wat later sy geskrifte bestudeer. Sekere karaktertrekke en omstandighede kan soms help om ŉ denker se gedagtes beter te verstaan. Olney (1972:3-4) noem ŉ outobiografie "'n metafoor van die self" en vergelyk dit verder met ŉ vergrootglas "that informs all the volumes of his collected works; it is a symptomatic key to all else that he did, and naturally, to all that he was".

Die oogmerke met outobiografieë kan verder ook uit die spesifieke soort binne hierdie kunsvorm afgelei word – ŉ volgende punt.

## 5. Verskillende soorte outobiografieë

Hier word eers ŉ elementêre indelingsbeginsel aan die hand gedoen om dan verder op een spesifieke vorm van ŉ outobiografie (die intellektuele) te fokus.

### *5.1 ŉ Moontlike kategorisering van biografiese stof*

In die reformatoriese filosofie (van o.a. Vollenhoven, Dooyeweerd en Stoker en hul navolgers) word verskillende aspekte van die menslike werklikheid onderskei (vgl. Van der Walt, 2000:312-314). Vanaf die meer basiese tot die meer gekompliseerde kan onder andere die volgende genoem word: die aritmetiese of getalsmatige, ruimtelike, fisiese, biotiese, psigiese, logiese, historiese, linguale, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pistiese of geloofsaspek.

Hierdie modaliteiteleer kan ŉ handige middel wees om ook die verskillende soorte biografiese stof – outobiografieë en memoires ingesluit – te kategoriseer,

afhangende van waarop hulle primêr die klem lê. So is ŉ meer biotiese (outo)-biografie (van bv. hoe ŉ kankerlyer gesond geword het) moontlik; of een wat veral psigiese groei/probleme in ŉ lewe beklemtoon; ŉ intellektuele (outo)biografie; dié van ŉ histories belangrike figuur; die literêre (outo)biografie van ŉ skrywer of digter; een wat die aandag veral op sosiale omstandighede (bv. onreg) vestig; die suksesverhaal van ŉ ekonoom of regsgeleerde; ŉ volgende met klem op die huweliks- en gesinslewe (etiese gekwalifiseerd) of, ten slotte ŉ godsdienstige biografiese geskrif.

Net soos wat al hierdie aspekte van die werklikheid wel *onderskei,* maar (a.g.v. talle anti- en retrosipasies) nie van mekaar *geskei* mag word nie, is ŉ waterdigte skeiding tussen die verskillende biografiese stof ook nie moontlik nie. Hulle mag wel ŉ bepaalde fokus hê (wat ons in staat stel om hulle verskillend te kan tipeer), maar beweeg gewoonlik nie net op die een terrein nie. (Terloops moet gesê word dat *geskrewe* (outo)biografieë nie die enigste kunsvorm is om biografiese gegewens weer te gee nie. Rembrandt het byvoorbeeld 62 selfportrette *geskilder.*)

Ter illustrasie van een so ŉ fokus, word vervolgens een en ander oor die sogenaamde intellektuele outobiografie gesê.

### *5.2 Wat ŉ intellektuele outobiografie inhou*

Omdat outobiografieë (vgl. hierbo) nie anders kan nie as om (bewustelik of onbewustelik) na te dink oor vrae soos "Waar kom ek vandaan?", "Wie is ek eintlik?" en "Hoe lyk my lewenspad?", bevat hulle almal ŉ lewensbeskoulike element. Daarom kan Pascal (1960:96) sê dat daar min (outo)biografieë is wat nie ŉ "outlook" of "statement" of "attitude" bevat nie. In die geval van ŉ intellektueel-filosofiese outobiografie handel die outeur egter doelbewus oor watter denkers sy "filosofie" beïnvloed het en hoe sy eie denke geleidelik vorm aangeneem het. (As voorbeelde noem Pascal die outobiografieë van o.a. A. Augustinus, A. Schweitzer en B. Groce.)

Die belangrikste vereiste vir so ŉ soort outobiografie stel Pascal (1960:108) soos volg: "The outobiography of a man where the business is thinking should be the story of his thought." Dit spreek ook vanself dat iemand wat sy/haar intellektuele outobiografie skryf, duidelik deur sy eie visie besield moet wees en hoop om ook ander daarmee en daarvoor te kan inspireer.

### *5.3 Dalk eenvoudiger om te skryf?*

Aan die een kant lyk dit asof so ŉ intellektuele portret makliker is om te "teken" as ander soorte outobiografieë. ŉ Mens kan die gevaar van alle aandag op jouself tot ŉ groter mate vermy, omdat jy ook aandui watter denkers ŉ invloed op jou eie

standpunt gehad het. Omdat dit meer oor ʼn saak (jou filosofie/lewensvisie) gaan, kan jy makliker van jouself af weg skryf. Terwyl ʼn mens uit skaamte in die "gewone" outobiografie sekere feite oor jou lewe mag probeer verdoesel of uitlaat, is ʼn mens gewoonlik nie vir jou eie idees skaam nie – jy glo dan in hulle. Indien jy oor die ontwikkeling van jou eie denkbeelde skryf, bied dit ook ʼn eenvoudige "magneet" of sentrale tema wat die nodige eenheid aan jou outobiografie kan bied.

### *5.4 Nogtans probleme daarmee*

Op die keper beskou is egter selfs die lewensbeskoulik-filosofiese outobiografie nie sonder probleme en selfs gevare nie. Slegs enkeles word hier ter illustrasie genoem.

- Dit is waar dat die storie van iemand se denke op sy/haar intellektuele passie moet fokus (vgl. Pascal hierbo) en irrelevante gegewens moet vermy. Terselfdertyd moet erken word dat die geskiedenis van iemand se denkwêreld ʼn komplekse aangeleentheid is. Dit geskied byvoorbeeld nie in isolasie van sy/haar persoonlikheid en sosiale en ander omstandighede nie. Indien sulke sake nie ook (waar van toepassing) in berekening gebring word nie, verdwyn die konkrete persoon en werklike omstandighede maklik agter abstrakte idees. Tereg vra Mourois (1929:150) of enigiemand se denke geïsoleerd van die werklikheid om haar/hom kan plaasvind. Speel byvoorbeeld die emosionele nie ʼn baie belangrike rol in die genesis van ʼn denksisteem nie? ʼn Mens sou kon byvoeg dat die hele mens – al die fasette van sy menswees (vgl. subafd. 5.1 hierbo) – sy denke beïnvloed.
- As gevolg van sy aard kan ʼn intellektuele outobiografie geneig wees tot abstraktheid en droogheid – terwyl ʼn outobiografie juis ʼn interessante storie behoort te bevat.
- ʼn Ander gevaar (waarteen verskillende skrywers waarsku) is dat ʼn lewensbeskoulike outobiografie daartoe kan neig om dogmaties en prekerig of moralisties te word.
- En omdat die probleem van die verberging van persoonlike gegewens (as gevolg van ʼn skaamtegevoel) in hierdie geval nie so ʼn prominente slaggat is nie, kan ʼn intellektuele biografie na die ander ekstreem oorslaan, naamlik dat ʼn mens veels te goed oor jou eie idees skryf. Voorbeelde hiervan in die geskiedenis van die filosofie is nie onbekend nie. Hegel het sy eie filosofie as die hoogtepunt van die Westerse denke beskou. Ná hom kon dit net afwaarts gaan! Die Poolse denker, Leszek Kolokowski (onlangs oorlede), skryf ʼn verweerskrif teen sy kritici met die titel *My correct views on everything*(!) Nietzsche kombineer sy selfvoldaanheid darem met ʼn bietjie selfspot: "Waarom ek so oulik is" en "Waarom ek sulke goeie boeke skryf".

- Mourois (1929:155 e.v.) herinner ons verder daaraan dat, al dink jý jy is eerlik teenoor jouself, jy nog steeds nie so objektief as ander mense (die lesers) oor jou en jou idees is nie: "When we attempt to draw our own portrait for other people, we must not be surprized if the portrait is not accepted as a likeness" (p. 157).

Selfs die meer onpersoonlike intellektuele outobiografie is dus nie sonder slaggate nie. Wanneer ons nou weereens na die outobiografie in die algemeen terugkeer, word dit nog duideliker hoe ŉ groot waagstuk dit in werklikheid behels. Hierdie meer algemene probleme lei logieserwys tot die vraag aan watter vereistes of norme ŉ goeie outobiografie moet beantwoord (afd. 7 hieronder).

## 6. Algemene slaggate van outobiografieë

By die reeds terloops genoemde gevare kan nog heelwat meer uitdagings bygevoeg word. Sonder om op volledigheid aanspraak te maak word die volgende genoem.

### *6.1 Onbeskeidenheid*

ŉ Mens vind outobiografieë wat te oorversekerd is, te veel selfgerig, te vol van eie prestasies, al te belangrik in eie oë. Barrington (2002:19) noem sulke ydelheid tereg die "boring ramblings of old froggies puffing themselves up". Weens die aard van ŉ outobiografie kan dit nie heeltemal vermy word dat die ego sentraal daarin is nie. Nogtans veroorsaak ŉ ekkerige toon ŉ onaangename 'geur'. Soos reeds vroeër gestel, moet die outeur probeer om weg van haar-/homself te skryf.

### *6.2 Verontskuldiging en vertroeteling*

Skrywers beskou dit ook as ŉ swak punt indien outobiografieë probeer om selfverontskuldigend dinge uit die eie verlede te probeer regverdig. Dieselfde geld die vertroeteling van onreg wat die outobiograaf aangedoen is. ŉ Goeie outobiografie styg bo sulke kleinlikhede uit. Dit impliseer egter nie dat ŉ skrywer voortdurend net oor hoogtepunte, aangename en boeiende episodes en helder oomblikke in haar/sy lewe moet skryf nie. Ook die ongemaklike, onaangename en onsekere tye in ŉ mens se lewe verdien aandag, ook daaruit kan ander leer.

### *6.3 Die probleem van vergeet*

Mourois skryf reeds in 1929 oor die verskillende maniere waarop outobiograwe kan vergeet. Vanselfsprekend is daar die normale vergeetagtigheid wat met veroudering gepaardgaan. (Baie mense skryf hulle outobiografie eers op gevorderde leeftyd.)

ŉ Mens vergeet egter soms ook doelbewus en onthou net wat jy graag wil (vgl. die reeds genoemde element van selfbedrog). Iemand kan byvoorbeeld uit skaamte oor wat hyself gedoen het of met hom gebeur het probeer vergeet. Pascal (1960:187) sê selfs dat die meeste van ons onsself te lief het om ŉ (eerlike) outobiografie te kan skryf! ŉ Mens kan ook ter beskerming van ander liewer nie oor sekere persone, dinge of gebeure skryf nie. Dit alles lei daartoe dat ŉ groot mate van rasionalisering kan plaasvind: Iemand se lewe word gevolglik beskryf, nie soos dit werklik *was* nie, maar eerder soos dit *behoort te gewees* het!

### *6.4 Die probleem van die waarheid*

By biografieë is die probleem van die waarheid dus lewensgroot. Om die verhouding tussen die biografie en die persoon waaroor dit gaan, vas te vang gebruik Van Heerden (2004:186) die beeld van lyf en skaduwee: "Die biografie heg sigself aan die figuur waaroor dit handel soos die skaduwee hom heg aan die lyf wat dit volg. Soos die skaduwee nooit die liggaam waaraan dit verbonde is presies kan mimeer nie, só is die skepping van die literêre biograaf ook iets wat beweeg in die sfeer waar waarskynlikheid en bespiegeling ŉ vloeibare verhouding met feitelikheid aangaan ... ŉ Biografie is dus nie te lees as die finale optekening of boekstawing van ŉ lewe nie."

Hoewel dalk in mindere mate, speel die probleem van die waarheid ook ŉ rol by outobiografieë. Baie persone stel die vereiste dat die outobiograaf erns daarmee moet maak. Telkens kom hulle egter tot die konklusie dat dit ŉ ontwykende ("elusive") soort waarheid is. (Dit is ŉ subjektiewe waarheid "van binne".) Die "waarheid" kan selfs vir ŉ mens ook anders in jou jeugjare as in jou ouderdom wees.

Hier het ons met ŉ moeilike vraagstuk te make wat ŉ afsonderlike verhandeling sou regverdig. "Subjektiwiteit" of watter woord hiervoor ook al gekies word, hoef egter nie onwaarheid te impliseer nie. Soos reeds vroeër opgemerk, is ŉ outobiografie of memoires behalwe geskiedenis ook ŉ letterkundige kunsvorm. Gudmundsdóttir (2003) besin byvoorbeeld oor die legitieme fiktiewe element van outobiografieë. Wanneer ŉ outobiografie nie net feitlike gegewens nie, maar ook fiksionele elemente bevat, word dit volgens Bisschoff (1992:361) ŉ geromantiseerde outobiografie of ŉ outobiografiese roman genoem.

Hierdie "ontwykende" element is egter ŉ deel van enige kuns. Seerveld (1995:36) omskryf kuns soos volg: "Art is the symbolic objectification of certain meaning aspects of a thing (ŉ mens sou kon byvoeg: the life of a person – BJ.vdW) subject to the law of allusivity".

"Allusive" (die bnw.) beteken volgens die woordeboek "sinspelend" of "vol toespelinge". Die selfstandige naamwoord ("allusivity") sou die beste in Afrikaans

met "suggestierykheid" vertaal kon word. 'n Kunswerk *suggereer* dus eerder die waarheid en betekenis van iets (of iemand se lewe) op metafories/simboliese wyse as wat dit *openlik* die waarheid *beskryf*.

Kunstenaars doen volgens Seerveld (1971:168) die volgende:

> The artist addresses himself to something in a specially focussed way that allows all kinds of playful associations and related meanings to crowd in, yet juxtaposed and integrated with what is under intuited scrutiny. The artist calls to attention in capital, cursive letters, as it were, what usually flits by in reality in fine print. There is a type of exploratory, uncovering, at-the-frontier element prevalent in an artistic probing of meanings. Its imaginative character consists not in being 'fictional' but in representing whatever reality is fascinating the artist, presenting that meaning *symbolically,* with emphases highlighting and setting in relief certain crucial nuances of the thing, event or action grappled with. Having such suggestive control qualifying the perception, the artist arrives at heightening, intensifying the meaning obtained, not making it sign post 'plain'; and that very elusive, artificial presentation of the meaning is what makes art 'imaginative'.

Daar bestaan dus nie net logies-analitiese waarheid nie, maar baie ander soorte, waaronder 'n estetiese waarheid. Dit beteken ook nie dat so 'n soort waarheid minder betroubaar is nie:

> The suggestiveness and coherent symbolical richness of artisistic production does not make it unreliable: that would be so only if scientific precision and casual pedestrian notice of events had a corner on accurate, correct and true knowledge – which they do not. Symbolically enriched knowledge may take more time to read and unravel to see how it stands before the truth, but this is its glory, not its weakness" (Seerveld, 1971:169).

Maar, so kan gevra word, is 'n outobiografie dan nie ook geskiedenis nie? Hieronder (vgl. afd. 8), by die verskillende soorte geskiedskrywing, sal nog verder oor hierdie tweede faset besin word.

### 6.5 Tydsgaping en relevansie as probleem

Voorheen het reeds geblyk dat 'n outobiografie vanuit die hede (wanneer die persoon skryf) die verlede en die toekoms betrek. Veral Herbst & De la Porte (2006:42) beklemtoon dit: "... telling the past should lead to a reconstruction of the individual's vision of the future, which in turn should change the present and lead to motivation, excitement and goal orientation". Kort gestel (p. 43): "Memory work involves honouring the past, celebrating the present and creating hope for the future."

Dit bring egter ingewikkelde probleme mee. Voorlopig word alleen een daarvan genoem, naamlik die kwessie van die relevansie van 'n outobiografie. Wat Biss-

choff (1992:43) van die biografie skryf, geld sekerlik ook van die outobiografie en memoires. Die tema/onderwerp en die skryfstyl daarvan moet van so ŉ aard wees dat dit die tyd kan oorleef. Dit moet ŉ bepaalde tyd reflekteer, maar tog nie net daaraan gebonde wees nie.

Aucamp (1998:120) vestig egter die aandag daarop dat terwyl nostalgie (ŉ hunkering na die verlede) by ouer mense gevind word – diegene wat gewoonlik outobiografieë skryf – ŉ omgekeerde nostalgie jongmense tipeer: Hulle verlang na die toekoms. Bejaardes waak jaloers op die tyd, terwyl die jeug die tyd wil verdryf! Hoe kan ŉ mens jou outobiografie dus so skryf dat dit ook vir die jeug (bv. jou kleinkinders) iets sal sê? Is die tydsgaping nie veels te groot nie?

### *6.6 Die moeilikste van alle uitdagings: dit gaan oor ŉ mens*

Die heel moeilikste probleem in verband met ŉ (outo)biografie is nog nie eers genoem nie. Dit is die feit dat dit oor die mens handel. En die mens is ŉ misterie – ook vir homself. Hoe kan hy/sy dan in ŉ biografie, outobiografie of memoires beskryf word?

Hart (1995:81, 82) skryf in hierdie verband (dat die mens ŉ misterie of geheim is): "The truth about ourselves is still hidden, not yet *aletheia* – certainly not clear; a proposition that corresponds to a being that is present in the mind".

Later (p. 84) vervolg hy:

> ... broad and careful reflection about the possibility of a general conceptual framework that contributes something – not more than that – to our self-understanding and via the self-understanding to who we can become, remains meaningful to me. But such a framework will likely be more fruitful when seen to be partial, and provisional; a temporary fragment of knowing ourselves ... We can run the risk of losing ourselves in who we *think* we are. But who do we think we are when we think we can *think* who we *finally* are?

Glas (1996:113) bevestig Hart se woorde en sê daarby nog iets meer oor die finale geheim van menswees:

> Wie ik ben is ten diepste een geheim, een geheim dat te maken heeft met het feit dat 'ik' nooit samenval met 'mij-zelf', maar mij tot mijzelf (en anderen) verhoud en daarin antwoord geven op mijn diepste oorsprong en bestemming.

Die geheim van menswees word in sowel die Ou as die Nuwe Testament nog ingewikkelder as dit onder andere verbind word met die feit dat die mens op die nuwe aarde ŉ nuwe naam sal ontvang. (Vgl. Jes. 56:5; 65:15; Openb. 2:17; 3:5, 12.) Dié geheim is in Christus geborge, omdat Hy sy Naam met ons verbind en dié

naam voor God en sy engele bely. Dit is dus duidelik dat die naam wat ŉ mens nou dra, en die "naam" (reputasie) wat ŉ biografie of outobiografie aan jou gee, jou nie eers naastenby kan beskryf soos God se nuwe naam dit vir jou sal doen nie.

### *6.7 Die uitdaging aanvaar*

Al hierdie probleme en slaggate – uitdagings vir elke biografiese skrywer – waarin iemand wat dit waag om sy eie lewe te beskryf kan trap, kan maklik daartoe lei dat vele dit as ŉ onbegonne taak afskryf. Dit lyk of Mourois (1929:183) se konklusie aan die einde van sy boek so ŉ standpunt regverdig: "A well-written life is a much rarer thing than a well-spent one." So ŉ somber gevolgtrekking is egter onaanvaarbaar gesien die talle (outo)biografieë wat nog steeds die lig sien.

Vervolgens word dus na enkele vereistes vir goeie biografiese stof gekyk. Aangesien die vereistes as't ware die positiewe kante (oplossings) van die voorafgaande probleme (die negatiewe) is, spreek baie van hulle vanself.

## 7. Enkele vereistes vir outobiografieë en memoires

Wat hier volg, word nie in volgorde van belangrikheid gegee nie, maar bied slegs ŉ lysie van wat ŉ literatuurstudie opgelewer het.

- ŉ Outobiografie/memoires moet ŉ spesifieke persoon(likheid) daarin probeer "vasvang". Want elkeen behoort (bewustelik of onbewus) ŉ selfopenbaring te wees van ŉ mens se aard, gevoelens, denke en nog meer. (Dit mag egter nie selfverheerlikend wees nie.)
- Dit moet ŉ onderliggende tema hê, wat soos ŉ magneet die onderdele bymekaarhou.
- Dit moet die leser betrokke, geïnteresseerd maak en sy aandag bly behou.
- Dit moet nie irrelevante sake aanroer nie
- Dit mag nie langdradig en droog wees nie.
- Dit moet méér wees as blote self*ekspressie* – dit gaan om groter self*kennis.*
- Dit kan en mag ook nie die *hele* lewe van ŉ persoon probeer dek nie.
- Dit moet ŉ sterk, onmiddellike sintuiglik-emosionele karakter hê – ŉ mens moet die werklike mens daarin as't ware kan ruik, sien en voel, want dit beskryf nie van buite nie, dog ervaar van binne.
- Dit moet ook duidelik wees binne watter tye en omstandighede die lewensverhaal afspeel. Die ek moet geplaas word binne die al breëre konsentriese sirkels van die gesin, familie, bure, skool, gemeenskap, kultuur, land en die wêreld.
- Die meer lewensbeskoulik-filosofiese elemente van so ŉ werk mag nie abstrak in die lug hang nie, maar uit die persoon se dade blyk of daarmee geïntegreerd voorkom. Tog moet dit ŉ interpretasie van sy lewe bied.

- Die outobiografie/memoires moet ’n gedramatiseerde verhaal wees in plaas van ’n blote feitlike relaas.
- Humor en speelsheid is belangrik. Die outobiograaf moet homself nie te ernstig opneem nie, maar met homself kan spot – ook ten koste van homself kan glimlag.
- Prekerigheid, sentimentaliteit, voorskriftelikheid en moralisering moet vermy word.
- Eweneens word ook ’n apologetiese trant afgeraai.
- Indien dit reeds aan die begin al duidelik is waarheen die storie loop, verdwyn die verassingselement. Die verband tussen verlede, hede en toekoms moet duidelik wees, maar nie te vanselfsprekend en geforseerd nie.
- ’n Toepaslike metafoor waarmee ’n mens se lewenspad verbeeld word, kan geweldig baie tot die trefkrag van biografiese stof bydra. (Meer hieroor later.)

## 8. Die (outo)biografie en memoires as besondere vorm van historiografie

Tot sover is hoofsaaklik op outobiografie en memoires as *estetiese* verskynsels toegespits. Daar is nog min daaroor gerep dat hulle ook ’n *historiese* kant het, hulle is bepaalde vorme van historiografie of geskiedskrywing – wat weer nuwe probleme oproep! Dié uitdagings behels onder andere die volgende.

### *8.1 Die mens as historiese wese*

Elke mens dra (meestal onbewus) sy/haar verlede met hom/haar saam. Dikwels is dit egter eers wanneer hy/sy met ingrypende keuses gekonfronteer word of groot krisisse beleef, dat die persoon oor die verlede begin nadink. (Ps. 137 vertel hoe Israel eers tydens hulle ballingskap na Jerusalem verlang.) Anders as die meeste diere beskik die mens oor die onvermoë om te kan vergeet. Ons is dus in die hede onderweg na die toekoms, maar kan nie anders nie as om in die truspieël terug te kyk en vir onsself van die afgelegde pad van die verlede rekenskap te gee nie.

Wie ek is en waarheen ek op pad is, kan nie volledig beantwoord word sonder ’n terugblik nie. Ook nie die vraag – veral by ouer mense – wat laat ek na as ek nie meer hier is nie. Bloot as gevolg van ons historiese aard as mense moet elkeen een of ander tyd – ook al skryf hy/sy nie sy/haar outobiografie/memoires nie – hieroor nadink. Selfs vir ouer mense is dit dus met die oog op *môre* (byvoorbeeld die toekoms van jou nageslagte) dat hulle *vandag* ’n greep op hul *verlede* probeer kry, opnuut na hul “wortels” soek.

Maar dit gaan tog ook nie net om die môre van dié wat op ons sal volg nie, maar ook om onsself en vandag. Wanneer die huweliksliefde tussen twee mense begin verflou, kan die gesamentlike lees van hulle ou, vergeelde liefdesbriewe aan mekaar die twee mense weer aan hulle diepste gevoelens vir en beloftes aan

mekaar herinner – die verlede word byna letterlik weer herleef – om vir hulle ŉ beter toekoms te laat ontplooi.

### *8.2 Twee soorte geskiedenis*

Net soos briewe en dagboeke, is ook outobiografieë en memoires historiese dokumente – ook al word die waarheid op ŉ kunstige, suggestieryke wyse (vgl. subafd. 6.4 hierbo) verwoord. Maar wat se soort geskiedenis is dit presies? Kan dit as egte historiografie kwalifiseer? Gaan dit op dieselfde manier met die geskiedenis om as die standaard (akademiese) geskiedenisboeke? Klapwijk (2006, in 2009 in Engels uitgegee) help om hierdie soort vrae te beantwoord. Hy onderskei tussen twee soorte geskiedenis.

Sy eerste geskiedenis is soos ŉ mens die geskiedenis (ook jou eie) "van binne uit beleef" en herdenk of gedenk. Deur te gedenk rig ŉ mens jou op die betekenis van die lewe. Diere gedenk nie. Sonder om ook te gedenk (bo en behalwe al die ander menslike aktiwiteite) word mense dus soos diere. Daar vind byvoorbeeld geen kultuuroordrag plaas nie en die geskiedenis klap dig, word iets geslote.

Die tweede geskiedenis is soos wat geskiedeniswetenskaplikes die verlede op akademiese wyse, op grond van hul histories-kritiese ondersoek van die feite rekonstrueer. Die eerste geskiedenis is dus, eenvoudig gestel, *deurleefde* en die tweede *gerekonstrueerde* geskiedenis. (Dit kan natuurlik nie ŉ waterdigte skeiding wees nie: deurleefde geskiedenis moet ook gekonstrueer of geskryf word en die tweede geskiedenis is meestal nie sonder ŉ mate van belewing nie.)

### *8.3 Die bydrae van die postmoderne wending*

Hierdie onderskeid van Klapwijk is belangrik, want tot onlangs nog was – veral onder invloed van ŉ "neutrale" wetenskapsideaal – die sogenaamde wetenskaplike geskiedskrywing deur ŉ "objektiewe" buitestaander (die historikus) feitlik die enigste erkende wyse om die "waarheid" in die geskiedenis vas te stel. Klep, Hoetink & Emons (2005) toon egter aan dat, as gevolg van die heersende postmodernistiese klimaat, hierdie modernisties-rasionalistiese visie nie meer alleen die toon aangee nie. Dit is bekend dat die postmodernisme die "groot verhale" (ideologies van aard) afkeur en die "klein (menslike) verhale" vooropstel en van groter waarde ag.

Meer persoonlike, "subjektiewe" weergawes van die geskiedenis – ook outobiografieë en memoires – word vandag dus as net so legitiem en waardevol beskou en is selfs meer populêr as akademiese historiografieë. As rede vir die gewildheid daarvoor kan onder andere genoem word dat sulke lewensverhale op ŉ spesifieke, bekende plek afspeel, persoonlik is en "klein" genoeg is vir enigiemand se bevattingsvermoë.

### *8.4 Die verskille tussen die twee soorte geskiedskrywings*

ŉ Vergelyking tussen die twee geskiedenisbelewings (vgl. Klapwijk, 2006:113 e.v.) kan duideliker maak hoe groot die verskille tussen hulle werklik is.

Die akademiese, gerekonstrueerde geskiedenis vertoon onder andere die volgende trekke. Dit is (1) informatief, (2) objektiverend, (3) verklarend, (4) meer krities en (5) evaluerend in terme van wetenskaplike historiografiese metodes en voorveronderstellings. Dit is egter nie deurleefde en gedenkende geskiedenis nie, maar daarop gegrond.

Die eerste, deurleefde geskiedenisweergawe kom dus vóór die tweede. Sy kenmerke is, saamgevat volgens Klapwijk, onder andere die volgende:

- Dit wil nie in die eerste plek her*dink* nie, maar her*denk.*
- Dit probeer nie primêr die lewe *verklaar* nie, maar *verwerk*, vir jouself, persoonlik toe-eien.
- Dit vra doelbewus na die *sin* van die verlede vir die hede. Anders gestel: ŉ Mens stel jouself oop vir die verlede met die oog op die totstandkoming van die hede en toekoms.
- Dit vervul ŉ *simboliese rol*, ŉ "bemiddeling" tussen die reeds onsigbare verlede en die sigbare hede. (Dink byvoorbeeld aan die simboliese rol van ŉ trouring, wat huweliksmaats in die hede bly herinner aan hul beloftes van wedersydse trou lank gelede.)
- Hierdie soort geskiedenis herdenk nie alles in *detail* nie, maar is (net soos enige ander soort historiografie) selektief, net méér so, omdat dit op *herdenking* gerig is.
- Dit kan ook – anders as die tweede, meer rasioneel-gekleurde geskiedenis – *emosioneel sterk gelaai wees.* ŉ Beleefde herdenking van die geskiedenis is dié van ŉ persoon – ŉ mens – wat kan bly wees of treur. Herdenking kan gewaarwordinge van sowel dankbaarheid as hartseer, frustrasie en selfs woede oproep.
- Dit alles beteken nie dat persoonlike, deurleefde geskiedenisse *onkrities mag wees* deur byvoorbeeld die verlede klakkeloos goed te keur of genadeloos af te kraak nie.
- Hieruit volg dat herdenking ook ŉ *normatiewe oogmerk* kan hê. Dit soek na patrone of tendense, wil ŉ voorbeeld stel of waarsku, help om reg te kies.
- Terselfdertyd moet in gedagte gehou word dat feilbare mense uit die verlede – hoe goed hul lewe of denke ook al was – nooit *die* maatstaf kan wees nie. Hulle kan *wel wegwysers* op pad wees, maar nooit die Bron van die waarheid nie.
- Ten slotte moet gestel word dat die subjektiewe faset van deurleefde herdenkingsgeskiedenis dit *nie minderwaardig* maak nie. Ook akademiese

geskiedskrywing, só word gelukkig deesdae erken, geskied nie sonder onbewese (dus subjektiewe) voorveronderstellings nie.

### 8.5 Die sin van die geskiedenis

Die derde punt hierbo (by subafd. 8.4) het gestel dat een van die trekke van ŉ deurleefde geskiedenis is dat dit na die sin van die eie verlede soek. Ook vroeër (vgl. subafds 4.1 en 4.4) is dit reeds genoem. Dit is so belangrik dat dieper daaroor besin behoort te word.

#### 8.5.1 ŉ Verskuiwing

Vroeër is nog dikwels gepoog om die betekenis van die algemene (wêreld) geskiedenis op te spoor (vgl. bv. Van Schilfgaarde, 1946/1947 se lywige drieledige werk). Binne die meer sekulêre historiese lektuur kom hierdie begeerte egter al minder voor. Verder word die historiese wetenskap deesdae nog meestal as ŉ neutrale, *publieke* saak beskou. Indien mense in hulle eie, *private* lewensbeskrywing na enige sin wil soek, is hulle egter welkom om dit te doen. (In die huidige postmoderne denkklimaat gebeur dit dan ook – vgl. weer subafd. 8.3 hierbo.)

Publiek-privaat is egter ŉ valse dualisme. Die meeste Christelike skrywers weier dan ook om daarvan afstand te doen dat die geskiedenis – ook die meer openbare – sin sou hê. (Vgl. Berkhof, 1959; Knudsen, 1976; McIntire, 1974, 1977:28-191; 1984; Popma, 1945; Rienstra, 1975; Smitskamp, 1944 en Sneller, 1944.) Die beteken nie dat die vraag na die sin op eenvoudige wyse beantwoord kan word nie (vgl. bv. Leih, 1977; Rossouw, 1981 en veral Harinck, 1996).

#### 8.5.2 ŉ Besondere bydrae

Slegs een skrywer (Smit) se bydrae oor hierdie probleem kan in die beperkte ruimte bespreek word. Hierdie denker skryf eers ŉ proefskrif oor hoe Rooms-Katolieke denkers die verhouding tussen die Christelike geloof en die geskiedenis beskou (vgl. Smit, 1950a), daarna oor die moderne Protestantse visies op die sin van die geskiedenis (Smit, 1950b, vgl. ook Smit, 1987:120). Dan verryk hy die literatuur op hierdie gebied met sy eie visie op die moeilike probleem van die rol van God in die geskiedenis – wat die diepste sin daarvan verklaar (Smit, 1955a en 1955b).

Volgens Smit bestaan die sin van die geskiedenis nie daarin dat God (vgl. bv. die spekulasies oor God se hand/vinger in die geskiedenis) af en toe op ŉ outonome historiese proses sou ingryp nie. Die verhouding van die geskiedenis tot sy Oorsprong of die Transendente vat Smit nie op as ŉ iets *ekstra* van ŉ *bo-* of *buite*tydelike aard, wat losstaande van die "gewone" geskiedenis sou wees nie. Dit

vorm 'n *inherente* deel van die persoonlike en die wêreldgeskiedenis.
Smit se standpunt (eerder 'n geloofsbelydenis) is legitiem. Die vraag is egter of dit konkreet toepasbaar is. Geen mens kan tog met volle sekerheid duidelik God se hand (in sy eie lewe) of sy voetspore (deur die wêreldgeskiedenis) aantoon nie. Selfs om dit agterna (aan die einde van jou lewe) te probeer aantoon, kan problematies wees. Menswees is vanaf geboorte tot dood 'n raaisel. Ook hoe die mens se geskiedenis verloop, is ten diepste God se geheim.

### *8.5.3 Tweërlei geskiedenis*

In sy versamelde werke (vgl. Smit, 1987:96-118), ná sy dood uitgegee, onderskei hierdie Christelike historikus (vanaf ongeveer 1970), in aansluiting by sy vroeëre transendente dimensie van die geskiedenis, tussen tweërlei geskiedenis. (Vir 'n kort samevatting, vgl. Griffioen se nabeskouing in Smit, 1987:208-220.) Die alledaagse geskiedenis van gebeurtenisse en verskynsels, is die tweede geskiedenis. Daaronder/-agter word egter 'n diepere geskiedenis (die eerste genoem) aangeneem, waaraan die tweede sy sin, samehang en oorsprong te danke het. Die eerste geskiedenis rig die tweede op die Oorsprong van alles. Volgens Smit kan die tweede historie alleen integraal erken en deurleef word vanuit die erkenning van sy betrekking tot God. As die sin *binne die geskiedenis* self gesoek word, verval 'n mens – ongeag die verlange na eenheid – weer in 'n dualisme – iets wat Smit wil bestry. Griffioen wys (in Smit, 1987:214) egter daarop dat Smit se onderskeid tussen twee geskiedenisse – ironies – dreig om tog weer op 'n dualisme uit te loop. Die raaisel van die rol van God in die geskiedenis lyk onoplosbaar te wees ...

### *8.5.4 Drie soorte geskiedenis*

'n Terugblik op die denke van Klapwijk en Smit toon ten minste aan dat elkeen van hulle twee soorte geskiedenis onderskei, maar nie dieselfde twee nie. Klapwijk onderskei twee vorms van geskied*skrywing*, terwyl Smit twee vorms van *geskiedenis* (die gebeure self) behandel. Gerieflikheidshalwe maak ons dit hier drie soorte geskiedskrywing: (1) die deurleefde persoonlike geskiedenis (Klapwijk se eerste); (2) die gerekonstrueerde, akademiese geskiedenis (beide Klapwijk en Smit se tweede geskiedenis); (3) die Goddelike geheim in die geskiedenis (Smit se eerste).

Soos uit vorige bladsye duidelik sal wees, is die deurleefde geskiedenis veral tiperend van outobiografieë en memoires. Hoewel die grense nie waterdig getrek kan word nie, dui die gerekonstrueerde geskiedenis veral die aard van biografieë aan. Die derde (goddelike geskiedenis) kan geen mens *skryf* nie, maar dié vir ons onpeilbare God alleen. Dit moet egter *in geloof* as 'n feit *aanvaar* word by al twee die ander geskiedenisse.

Hoe moeilik dit ook al mag wees, is dit dus nie verkeerd vir mense om, wanneer hulle hierdie "derde geskiedenis" erken, na die sin van hulle eie lewe en verlede te probeer soek nie. Reeds Prediker (11:1) – dié boek in die Bybel oor die skynbare sinloosheid van alles – veronderstel so 'n sin. Romeine 14:7 sê dat niemand net vir hom-/haarself (kan) leef nie. 1 Korintiërs 15 – 'n hoofstuk wat oor die dood handel – sluit af met die woorde dat al 'n mens se inspanning in diens van die Here nie tevergeefs (sinloos) is nie. Nog meer: God gee nie net tydelike nie, maar ewige sin aan goeie mensewerk: Hy gebruik dit as boustene vir die nuwe aarde (Openb. 14:13b). (Vgl. ook Openb. 21:24, 26).

Denkers het in die onlangse verlede egter ook duideliker begin besef dat wanneer 'n reformatoriese lewensvisie oor die sin van die lewe handel dit nie die probleme van die kwaad, lyding en die sinloosheid van die lewe mag ignoreer nie. Walsh (1992:100) skryf byvoorbeeld: "... any worldview, if it is to be both biblical and illuminative of what human life is really like, must be a worldview that comprehends our brokenness and suffering". Want, anders as ideologieë, verberg of ontken die Bybel nie pyn nie, maar "omarm" dit (vgl. ook Walsh, 2000:14).

Paulus se klag en troos in Romeine 8:18-30 oor die lyding en verganklikheid is aan die meeste Christene goed bekend (vgl. Van der Walt, 2010 vir meer detail).

Wolterstorff (1987:89), wat treur oor die dood van sy seun, skryf die volgende:

> In commanding us to love, God invites us to suffer ... To love our suffering world is to suffer. God so loved the world that he gave us his only Son to sufferring. One who does not see God's suffering does not see his love ... So suffering is down at the center of things, deep down where the meaning is. Suffering is the meaning of our world. For love is the meaning. And love suffers. The tears of God are the meaning of history.

### *8.6 'n Voorlopige terugblik*

Tot sover is vanuit 'n filosofiese hoek aan die talle probleme verbonde aan sowel die literêre (estetiese) as die historiese fasette van 'n outobiografie of memoires aandag gegee. Moontlike oplossings daarvoor is ook gesuggereer.

Die vraag wat ten slotte gestel word, is na 'n gepaste metafoor – wat sowel aan die estetiese as historiese faset van hierdie genre reg sal laat geskied – aan die hand waarvan 'n mens se lewensherinneringe gestalte kan aanneem.

## 9. Op soek na gepaste biografiese metafore

Met behulp van 'n goeie beeld kan 'n mens eenheid en lyn aan biografiese werke gee (vgl. die laaste vereiste onder afd. 7 hierbo genoem). Die vraag is egter watter metafoor gepas is. Na aanleiding van subafd. 5.1 hierbo sou 'n mens verskillende

soorte outobiografieë en memoires kon onderskei en dus verskillende metafore nodig hê.

### *9.1 ’n Wye keuse*

Bekende beelde is byvoorbeeld dié van ’n lang reis, of ontdekkingstog, of dat die mens se lewe deur verskillende seisoene ontwikkel (vgl. Van der Walt, 2009:1-4). ’n Ander beeld is dié van die verskillende aktes van ’n lewensdrama.

Sou ’n mens dalk ook ’n Bybelse prent kon vind om die mens se lewe te verbeeld? ’n Gewone Bybelkonkordansie toon aan hoe dikwels die Skrif die woord “weg” (of die mv. “weë”) gebruik. Byvoorbeeld God se weg/weë, die mens se weg/weë en God se weg met die mens. Christus noem Homself ook dié Weg (Joh. 14:6). Die eerste Christene word dan ook “mense van die Weg” genoem (Hand. 9:2 OAV). In die Nuwe Afrikaanse vertaling (NAV) is “weg” ongelukkig wegvertaal deur dit oral te vervang met “leer” of “leer van God/Christus” (vgl. die NAV van Hand. 19:9, 23; 24:14, 22).

### *9.2 Geskik vir die beskrywing van menslike geskiedenis*

“Die mens – met of sonder God – onderweg” lyk, vanuit ’n Christelike perspektief bekyk, ’n gepaste beeld om iemand se lewensgeskiedenis te beskryf. Griffioen (2003:193, vgl. ook 2006) sê dat ’n lewensvisie veral oor die religieuse rigting van ’n mens se lewe gaan, en eenheid daaraan gee, en verbind dit ook met die beeld van ’n pad. Die metafoor van ’n weg of pad is dus nie so ongewoon nie. Elke mens loop ’n unieke pad deur die lewe.

### *9.3 Verder as voetpad uitgebou*

Om die unieke van elke mens se lewenspad sterker na vore te bring, word die breë hoofpad of snelweg hier tot ’n voetpad versmal. Die meeste paaie in die Bybelse tyd was ook grondpaaie, waarvan baie sekerlik maar net voetpaadjies was. Dit maak die metafoor ook minder arrogant – asof almal op jóú snelweg sou moet volg! Sy gesin se voetslaanervaringe (vgl. Van der Walt, 1986 en 2003) help die outeur om hierdie voetpadmetafoor vlugtig verder soos volg uit te werk.

Wanneer ’n mens (natuurlik sonder kaart en kompas, of ’n moderne GPS) in die veld loop en jy kom op ’n voetpad af (nie ’n *diere*paadjie nie), dan weet jy dat ander mense voor jou al dieselfde pad geloop het. (Die meeste outobiografieë en memoires vermeld die invloed van hulle ouers en/of voorouers en soms ook ander geesgenootlike voorgangers.)

Die voetspore op die grond wys ook daarop dat die pad êrens heen moet lei. (’n Mens se lewenspad het volgens God se Woord sin.)

Anders as ŉ hoofweg, het ŉ gewone voetpad deur die veld ook nie rigtingwysers nie. Selfs die bestemming is nie altyd voorspelbaar nie. Ook by die kruisings en afdraaipaadjies is daar nie padpredikante nie. (ŉ Mens se lewenspad – ook dié van ŉ Christen – is nie vooraf vir jou duidelik nie.)

Aangesien ŉ voetpad verder ook nie kilometeraanduidings bevat nie, kan ŉ mens nie altyd weet hoe ver die eindbestemming nog weg is nie. (Net so weet ŉ mens nie wanneer jy jou doelwitte sal bereik of wanneer die einde van jou lewe mag aanbreek nie.)

In die geval van ŉ voetpad is die hoogtes en dieptes ook nie, soos by ŉ moderne teerpad, opgevul of teen die berghange uitgekap om dit vir ŉ mens makliker en vinniger te maak nie. (Elke lewensgeskiedenis het sy pieke, maar ook sy valleie, klowe en dieptes. Blydskap én hartseer is deel daarvan.)

Op ŉ voetpad moet ŉ mens (omdat jy gewoonlik verder van hulp af is as op ŉ hoofpad) goed kyk waar jy loop. Behalwe die gevare van die elemente (koue, hitte, elektriese storms) en plekke (afgronde) mag ook gevaarlike diere (al is dit net ŉ giftige slang) jou pad kruis. (Enige biografiese werk moet ook dramatiese elemente hê. Die meer intellektuele lewensbeskoulike soort toon aan hoe die skrywer – met behulp van geesgenootlike voorgangers en tydgenote – doelbewus gekyk het waar en hoe hy geloop het.)

Om bogenoemde redes stap ŉ mens liefs nie ŉ voetpad alleen nie, maar in geselskap van ander. (Jou lewensverhaal kan nie geskryf word sonder om ander mense – veral diegene na aan jou – te erken en daarin te betrek nie.)

Voetpaaie kan soms (bv. teen ŉ berg af by ŉ rivier) doodloop. Dan moet ŉ mens self jou weg probeer vind. (Dit blyk bv. duidelik uit die lewensbeskrywings van werklike baanbrekers op verskillende lewensterreine.)

Wanneer ŉ mens egter in bergwêreld voetslaan, kan jy verkies om al hoër te klim totdat jy vanaf die hoogste piek op die ongelooflike panorama ver daaronder kan afkyk. (Lewensbeskrywings mag nie blote "egodokumente" wees nie, maar moet veel wyer perspektiewe oopmaak. Vir ŉ Christen eindig die lewe ook nie in die hiermaals nie. Hy/sy lewe met die perspektief van ŉ hiernamaals, van ŉ vernieude aarde.)

Nog talle meer analogieë sou getrek kon word. Op ŉ voetpad is ŉ mens minder gejaagd, jy sien die dinge rondom jou beter raak, jy het tyd vir jou medevoetslaner, ensovoorts – almal elemente wat metafories gebruik kan word.

## 10. ŉ Terugblik

Die pad wat met hierdie artikel afgelê is, het met talle probleme begin: die byna onmoontlikheid van biografiese literatuur. Dit kan egter op ŉ positiewe noot

eindig: wanneer die behandelde uitdagings die hoof gebied word, is dit tog haalbaar en kan die lesers daarvan veel meer as net blote leesgenot daaruit put … Nadat Mourois (1929:183) sy hele werk met die pessimistiese opmerking afsluit dat ʼn goed*beskrewe* lewe seldsamer is as ʼn goed*geleefde*, sê hy nogtans die volgende: “But however difficult (auto)biography may be ... it sets before man examples which are lofty but not inaccessible, astonishing but not incredible, and it is this quality which make it the most convincing of art forms.”

## Bibliografie


ABBS, P. 1974. *Autobiography in education.* London: Heinemann Educ. Books.

AUCAMP, H. 1998. *Beeltenis verbode; bespiegelinge oor egodokumente en biografieë.* Kaapstad: Human & Rosseau.

AUGUSTINUS, A. 2007. *Belydenisse; getuienis oor ʼn lewe met God.* (Eerste Afrikaanse omsetting deur Venter, P., Symington, J. & Van Wyk, A.) Wellington: Lux Verbi.

BARRINGTON, J. 2002. *Writing the memoir.* Portlands: Eight Mountain Press.

BERKHOF, H. 1959. *Christus, de zin der geschiedenis*. Nijkerk: C.F. Callenbach.

BISSCHOFF, A.M., 1992. “Biografie”, “brief”, “memoires”, “outobiografie”. In: Cloete, T.T. (Red.), *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: HAUM-Literêr: 42-43, 48-49, 286-287, 361-362.

BOESAK, A. 2009. *Running with horses; reflections of an accidental politician.* Cape Town: Yaho.

BOL, A.A. 2009. *The lost boy.* Cape Town: Kwela.

BROCKMEIER, J. & CARBAUGH, D., (Eds). 2001. *Narrative and identity; studies in autobiography, self and culture.* Amsterdam/Philadelphia: John Benjamin.

CRONJE, C.F. 2007. *Sonja, meisie van Nigel.* Pinegrove: Son.

FRANKL, V. 1969. *The will to meaning*. New York: Word Pub. Co.

GLAS, G. 1996. Filosofische Antroplogie. In: Van Woudenberg, R. (Red.), *Kennis en werkelijkheid; tweede inleiding tot een christelijke filosofie.* Amsterdam: Buijten & Schipperheijn & Kampen: Kok. pp.86-142.

GORDON, J. 2008. *Zuma; a biography*. Johannesburg: J. Ball.

GREEN, P. 2009. *Trevor Manuel; ʼn Lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.

GRIFFIOEN, S. 2003. *Moed tot cultuur.* Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

GRIFFIOEN, S. 2006. *Een weg gaan; cultuurfilosofie tussen West en Oost.* Budel: Damon.

GUDMUNDSDOTTIR, G. 2003. *Borderlines; autobiography and fiction in postmodern life writing.* Amsterdam/New York: Rodolpi.

HARINCK, G. 1996. God’s hand in de geschiedenis: overtuiging en verlegenheid van een christen-historicus. I & II. In: Hagoort, H. (Red.), *Geloof en geschiedenis.* Kampen: Kok Voorhoeve. pp.88-103.

HART, H. 1995. Self as question. In: Griffioen, S. & Balk, B.M. (Eds.), *Christian philosophy at the close of the twentieth century.* Kampen: Kok. pp.79-84.

HERBST, A. & De la Porte, A. 2006. *Memory work; telling your story through life maps.* Pretoria: C.B. Powell Bible Centre, UNISA.

HOFMEYER, S. 2008. *Mense van my asem.* Kaapstad: Zebra.

HUNT, C. 2000. *Terpeutic dimensions of autobiography in creative writing*. London: Jessica Kingsley.

KARSTEN, C. 2009. *Charlize; ek leef my droom.* Pretoria/Kaapstad: Human & Rosseau.

KLAPWIJK, J. 2006. Gedenken; over de eerste en tweede geschiedenis. *Koers,* 71(1): 101-134.

KLAPWIJK, J. 2009. Commemoration: on the first and second history. *Philosophia reformata,* 74(1): 48-70.

KLEP, P., HOETINK, C. & EMONS, T., (Reds.). 2005. *Persoonlijk verleden; over geskiedenis, individu en identiteit.* Amsterdam: Askant.

KNUDSEN, R.D. 1976. *The encounter of Christianity with secular science: History.* Cherry Hill, New Jersey: Mack Pub. Co.

LEIH, H.G. 1977. *God's hand in de geschiedenis?* Kampen: Kok.

MCINTIRE, C.T., (Ed.). 1977. *God, history and historians; an anthology of modern Christian views of history*. New York: Oxford Univ. Press.

MCINTIRE, C.T. 1974. *The ongoing task of Christian historiography.* Toronto, Ontario: Institute for Christian Studies.

MCINTIRE, C.T. 1984. Historical study and the historical dimension of our world. In: McIntire, C.T. & Wells, R.A. (Eds), *History and historical understanding.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans. pp.17-40.

MISCH, G. 1949-1969. *Geschichte der Autobiographie.* (8 bande.) Frankfurt am Main: G. Schulte-Bulmke.

MITCHELL, C., WEBER, S. & O'REILLY-SCANLON, K., (Eds). 2005. *Just who do we think we are? Methodologies for autobiography and self-study in teaching.* London/New York: Routledge.

MOUROIS, A. 1929. *Aspects of biography*. Cambridge: Cambridge Univ. Press.

OLNEY, J. 1972. *Metaphors of the self; the meaning of autobiography.* Princeton, New Jersey: Princeton Univ. Press.

PASCAL, R. 1960. *Design and truth in autobiography.* Cambridge, Massachusetts: Harvard Univ. Press.

PISTORIUS, O. 2009. *Die verhaal van Oscar.* Roggebaai: Umizi.

POPMA, K.J. 1945. *Calvinistische geschiedenisbeschouwing.* Franeker: Wever.

RIENSTRA, M.H. 1975. Christianity and history; a bibliographical essay. In: Marsden, G. & Roberts, F. (Eds), *A Christian view of history?* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans: 181-196.

ROSSOUW, H.W. 1981. *Die sin van die lewe.* Kaapstad: Tafelberg.

SCHOEMAN, K. 1998. *Merksteen; 'n dubbelbiografie.* Kaapstad: Human & Rousseau.

SEERVELD, C.G. 1971. The relation of the arts to the presentation of the truth. In: Stoker, H.G. *Truth and reality; philosophical perspectives on reality.* Braamfontein: De Jong's Bookshop. pp.161-175.

SEERVELD, C.G. 1995. *A Christian critique of art and literature.* Toronto, Ontario: Tuppence Press.

SMIT, M.C. 1950a. *De verhouding van Christendom en historie in de huidige Rooms-Katholieke geschiedbeschouwing.* Kampen: Kok.

SMIT, M.C. 1950b. De moderne Protestantse visie op de geschiedenis. In: Rogier, L.J. (Red.), *De zin der geschiedenis voor geloof en rede.* Heerlen: Uitgeverij Winants: 217-246. (Herdruk in Smit, 1987:129-141.)

SMIT, M.C. 1955a. *Het goddelijk geheim in de geschiedenis.* Kampen: Kok.

SMIT, M.C. 1955b. *The Divine mystery in history*. Kampen: Kok.

SMIT, M.C. 1987. *De eerste en tweede geschiedenis; nagelaten geschriften van Meijer C. Smit.* (Red. J. Klapwijk.) Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

SMITH, H. 2009. *A captain's diary.* Johannesburg: J. Ball.

SMITSKAMP, H. 1944. Groen van Prinsterer's opvatting van den zin der wereldhistorie. In: Honders, H., Scholten, W.G. & Veldkamp, J. (Reds), *De zin der geschiedenis.* Wageningen: Zomer & Keunings. pp.96-113.

SNELLER, Z.W. 1944. De zin der geschiedenis. In Honders, H., Scholten, W.G. & Veldkamp, J. (Reds.) *De zin der geschiedenis.* Wageningen: Zomer & Keunings. pp. 9-39.

THOMAS, F.P. 1984. *How to write the story of your life.* Cincinatti, Ohio: Writer's Digest Books.

VAN BELLE, H. s.a. *Collected writings*. Vol I. (On disc and available from the author at harryvanbelle@hotmail.com)

VAN DER WALT, B.J. 1986. *Voetslaanavonture in die Drakensberge.* Pretoria: Intergrafix.

VAN DER WALT, B.J. 2000. *Visie op die werklikheid.* Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN DER WALT, B.J. 2003. *The enchanting world of the Drakensberg Mountains experienced by an adventurous family.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.

VAN DER WALT, B.J. 2008. *Understanding and rebuilding Africa.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.

VAN DER WALT, B.J. 2009. Geloofsgroei deur die verskillende lewensseisoene. *Die kerkblad,* 112 (3224): 28-30, Junie.

VAN DER WALT, B.J. 2010. Lyding, dood en verganklikheid. Reeks van 4 artikels vir publikasie voorgelê aan *Die kerkblad.*

VAN HEERDEN, E. 2004. Lyf en skaduwe. In: Van Heerden, E. *Die stilte ná die boek; kitsessays.* Kaapstad: Tafelberg. pp.186-188.

VAN SCHILFGAARDE, P. 1946/1947. *De zin der geschiedenis; een wijsgerige bespreking van de gang der mensheid.* (3 dele). Leiden: Brill.

WALSH, B.J. 1992. *Subversive Christianity; imaging God in a dangerous time.* Bristol: Regious Books.

WALSH, B.J. 2000. Regimes of truth and the rhetoric of deceit; Collosians 2 in a postmodern context. *Pro rege,* 28(3): 10-17, March.

WHITE, J. 2007. *In black and white; the Jake White story.* Cape Town: Zebra.

WOLTERSTORFF, N. 1987. *Lament for a son*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.